

KAN ONS JESUS SIEN?



Sal ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

² Ewige God, dit is weer ons voorreg om in U Teenwoordigheid te buig om weer te vra vir U genade, in hierdie wete, dat U ons nie sal weier nie, omdat dit gesê is, en geplaas is in die Skrifte: “Vra die Vader enigiets in My Naam, dit sal gegee word.” So ons weet dat U ons sal hoor, soos ons kom in Sy algenoegsame Naam.

³ En ons bid dat U ons vanaand sal besoek op 'n baie spesiale manier, deur U Teenwoordigheid uit te stort in elke hart, die sondaar te veroordeel om hom skaam te maak, en hom tot bekering te bring, en om die reisiger aan te moedig, om die siekes en beproefdes te genees. En ontvang eer vir U Naam, want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

⁴ Mag maar sit. Vanmôre by die predikersontbyt, het ek die vraag gevra aan die predikers wat hierdie konvensie verteenwoordig: “Moet ek ophou preek en die volgende twee aande vir die siekes bid?” En dit was eenparig gestem dat ek vir die siekes moet bid. Ek het altyd, ek was nie 'n prediker om mee te begin nie, so ek weet dit nou, beslis.

⁵ Maar dit is 'n voorreg om myself te laat werk onder die Goddelike salwing van God se oppermag in watter bediening Hy ook al vir my sou kies om in te dien. Ek dien net die beste wat ek kan met alles wat ek het om mee te dien. En vertrou dat Hy eendag, wanneer dit alles verby is, sal sê: “Dit was wel gedaan.” Vir die bietjie wat ek gehad het om mee te doen, het ek die beste gedoen wat ek kon met wat ek gehad het om mee te doen. So, ek vertrou dat Hy sal verstaan, en sê: “Wel gedaan,” is wat my begeerte is.

⁶ En nou vanaand, siende dat ons net 'n bietjie laat is, Broer Joseph het vir my gesê dat hulle 'n bietjie laat was met die diens. En ek het op die trappe gestaan in gebed 'n paar oomblikke gelede en het van my goeie vriende ontmoet, Broer Hall, in die diens hier van onder naby Chattanooga, en baie van die ander predikers, en hulle hande geskud en met hulle gepraat. Ek het julle daardie goeie ou Evangelie liedere hoor sing, en dit doen net iets aan jou wanneer jy daardie goeie, outydse liedere hoor.

⁷ En nou, vanaand, ek, net voor ek kan gaan bid vir die siekes, moet ek julle eers 'n agtergrond gee om julle denkwysse te verander van die evangelistiese soort diens, na 'n—'n ander soort evangelisasie, wat genesing is van die siekes. En ek wil op rekord gaan deur hierdie te sê: Daar is al menigmaal baie kras gepraat van Goddelike genesing, en die rede daarvoor is omdat dit op soveel verskillende maniere hanteer is. Maar Goddelike genesing is 'n deel van die Evangelie, want dit is ingesluit in

die versoening. As die ou versoening Goddelike genesing daarin gehad het, sou 'n beter versoening Goddelike genesing ingesluit het. Die Bybel het gesê: “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”

⁸ Nou, ek glo nie dat hierdie Goddelike genesing beteken dat een man krag het om 'n ander te genees nie. Nou, ek wil hê julle moet goed probeer luister, ek weet dis warm, maar kom ons probeer dit net vir 'n paar oomblikke verduur, sodat ons die boodskap sal kry. En as ons nie weet hoe om hierdie onderwerp te benader nie, dan sou ons die beste wees dat ons dit net uitgelos het, want moet nooit enigiets halfpad probeer doen nie. As jy net deel daarvan gedoen kry, maar doen wat jy doen reg, deeglik en volledig, want as jy nie weet waarvoor jy Christus benader en hoe om Hom te benader nie, dan sal jy dit mis.

⁹ Nou, Goddelike genesing is niks wat enigiemand kan doen nie, Goddelike genesing is 'n daad van geloof in 'n voltooide werk, wat Christus voltooi het op Gólgota. Geen mens het mag om te genees nie, nie eens Jesus het mag gehad om te genees nie, ons weet dit almal. Hy het gesê: “Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke.” So as die Seun van God nie mag gehad het om lukraak te genees, of uit Sy Eie Self nie: “Die Seun kan niks uit Homself doen nie,” het Hy gesê, en as Hy nie die eer vir die genesing van die siekes self wou aanvaar nie, hoeveel te meer behoort enige man van hierdie dag, of enige ander dag, weg te bly van die eer van mense wat sê dat Hy die siekes genees? Dis absoluut 'n fout.

¹⁰ As ek jou kon genees, kon ek jou red, want dis in dieselfde versoening dat die voltooide werk voltooi is op Gólgota deur ons dierbare Here. En dis jou persoonlike geloof in die voltooide werk van Christus op Gólgota, wat beide verlossing en genesing bring.

¹¹ Ek mag hierbinne sê: “Hoeveel mense is genees vir vyf jaar?” Verskeie hande sou opgaan. “Hoeveel is genees, of, is gered vir vyf-en-twintig jaar?” Baie hande sou opgaan. “Hoeveel is gered vir 'n jaar?” Hande sou opgaan. Nou, op een manier was dit reg, en 'n ander manier was dit verkeerd. Jy is nie vyf-en-twintig jaar gelede genees nie, maar jy is negentienhonderd jaar gelede gered en genees. Toe Jesus op Gólgota gesterf het, het Hy die sondevraagstuk en die siektevraagstuk afgehandel, want daar is waar Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het, en die hele ding was voltooi op daardie tyd.

¹² En dan, jy, jou persoonlike geloof in daardie voltooide werk trek die betaling van wat Hy vir jou gedoen het op Gólgota. So jy is tweeduisend jaar gelede gered, maar het jou verlossing vyf-en-twintig jaar gelede aanvaar, uur gelede, vyf minute gelede. Jy is tweeduisend jaar gelede genees, jy kan dit net nou aanvaar.

¹³ So, my bediening was nog nooit baie effektief in die Verenigde State nie, omdat die mense in die ou, Joodse tradisie opgelei is van hande op die siekes lê, dit was nooit vir die Heidene nie, en die Amerikaanse mense word dit geleer, hande lê op die siekes.

¹⁴ Toe Jairus se dogter dood is, het Jairus vir Jesus gesê, hy wat 'n Jood was: "Kom, lê U hand op my dogter en sy sal lewe."

¹⁵ Maar toe die Heiden se seun siek was, het hy gesê: "Ek's nie waardig dat U onder my dak kom nie, spreek net die Woord en my dienskneg," liewer: "sal lewe."

Jesus het na die Jode gedraai en gesê: "Ek vind nie sulke geloof in Israel nie."

¹⁶ Sien, die Heidenmanier is om Sy Woord te aanvaar. En *Hierdie* is die Woord van God, en ek glo dat elke deeltjie *Hiervan* God se Woord is. En ek glo wel dat God dinge kan doen wat Hy nie in die Woord geskryf het nie, maar ek hou van. . . . Daar is baie daarin vir my om mee te werk, net wat Hy belowe het. Nou, ek wil niks minder, of enigiets meer hê nie, maar ek wil al Sy beloftes hê, omdat Hy gesterf het dat ek hulle kon kry. So, genesing is een van Sy beloftes.

¹⁷ In die Ou Testament, baie van julle geleerdes hier weet dat hulle 'n manier gehad het om uit te vind of 'n profeet die waarheid gepraat het of nie, of 'n dromer, of sy droom van God af was of nie, hulle het hom na die tempel toe geneem en voor die Urim en Tummim, wat die borsplaat was wat Aäron gedra het met die twaalf stene daarin, en dan wanneer die profeet geprofeteer het, maak nie saak hoe werklik dit gelyk het nie, as daardie bonatuurlike Lig nie geflikker het nie, 'n konglomerasie van al die stene wat saam 'n Lig flikker, dan was die profeet verkeerd, ongeag van hoe goed dit gelyk het, dit was verkeerd, en die dromer was verkeerd.

¹⁸ En as dit. . . Al het dit nie gelyk of dit reg was vir die priester nie, en tog het God dit bevestig met bonatuurlike, wat flikker op hierdie Ligte, is dit ontvang as van God af, enige van julle geleerdes weet dit. Wel dan, in die Ou Testament. . . En daardie priesterskap het geëindig, daardie Urim en Tummim het geëindig met daardie priesterschap, maar God het 'n ander Urim en Tummim vir hierdie priesterschap, en dit is Sy Bybel. En as 'n prediker preek, 'n profeet profeteer, 'n dromer 'n droom uitleë enigiets teenstrydig met God se Woord, is dit verkeerd, maar as dit in die Woord is, is dit reg. "Wie ook al enigiets uit die Boek sal wegneem, of enigiets by die Boek sal voeg," daarom wil ek nie meer hê as wat Dit leer nie, maar ek wil alles hê wat Dit leer.

¹⁹ So, dis hoe Goddelike genesing is, dis gebaseer, nie op een of ander emosie nie, nie op skud, of—of iets van daardie aard nie, nie op enigiets nie, maar behalwe om te aanvaar wat God jou belowe het, en Jesus het gesterf vir jou om te kan kry.

20 Niemand kan die Evangelie behoorlik en duidelik preek sonder om Goddelike genesing te preek nie, jy kan dit net nie doen nie, want siekte is 'n eienskap van sonde. En jy kan nie met siekte werk sonder om te werk met sonde nie, want siekte het gekom as 'n eienskap van sonde. Voor ons enige siekte gehad het, het ons geen sonde gehad nie, maar toe ons sonde gekry het, het siekte daarop gevolg; Jy moet met altwee gelyk werk.

21 Mag ek dit so sê: As 'n groot dier sy poot in my sy gehad het en my ribbes uitgeskeur het, die res van die dier het my nie gepla nie, maar dit was net sy poot en hy het my ribbes uitgeskeur, nou, ek hoef nie 'n mes te kry om sy poot af te sny nie, hom net op die kop te slaan, dit maak die hele dier dood.

22 Wel, dis hoe dit is met sonde: Wanneer jy sonde doodmaak, maak jy elke eienskap dood wat daarop volg. So, dit mag nie wees dat jy gesondig het nie, maar die swakheid van jou ouers en jou ouer se ouers . . . Sonde is oorerflik, ek bedoel, siekte is oorerflik in baie gevalle. En jy . . . Elke geslag word swakker en slimmer, soos die Skrif sê. En so, daarom moet jy werk met siekte en sonde op dieselfde basis van die versoening.

23 Nou, baie mense het my dienste gekritiseer, omdat ek nie vir te veel bid nie, nie hande lê op hulle, of een of ander tasbare ding nie. Dit is nie nodig dat *ek* my hande op enigiemand lê, dit is ook nie nodig dat jy jou hande op my lê nie, wat nodig is, is dat jy jou hande op *Hom* lê, Hy is die Een. Vir my, ek is jou broer, Hy is jou Here. So, lê hande op Hom, deur dit te doen, kry Sy Woord beet, en sê: "Here, ek glo Dit."

24 Nou, baiekeer, is Goddelike genesing min of meer, word 'n ding van 'n intellektuele begrip van Goddelike genesing. Jy kan nooit, nooit genees word deur 'n intellektuele begrip van Goddelike genesing nie, jy mag opgewerk wees in 'n emosie soos Christen Wetenskap, maar dit is nie 'n gedagte nie, dis 'n Persoon. Goddelike genesing is iets wat moet kom deur 'n openbaring van Jesus Christus se dood op Gólgota, en deur Sy wonde daar vir jou genesing gekom het. God openbaar dit aan jou in jou hart, nie jou kop nie, jou hart, en dan kan niks jou ooit daarvan skei nie.

25 Om te wys dat dit intellektueel is, sal mense deur een gebedsry gaan, die volgende evangelis wat in die dorp kom, sal hulle deur daardie gebedsry gaan. Dis soos om te probeer om totempale aan te raak, dit genees jou nie. Staar stil, kyk op, luister na die Woord, en sê: "God, dit was vir my." Dis hoe om dit te kry.

26 So nou, my bediening, nou, miskien is daar baie hierbinne wat nog nooit in een van ons genesingsdienste was nie, my bediening is nie om mense aan te raak nie, maar om mense te laat besef dat Jesus Christus alomteenwoordig is, dat Hy nou hier is, die einste Een wat die belofte gegee het, is nou

teenwoordig. En as Hy Wie lewendig is na negentienhonderd jaar, nou teenwoordig is, weet Hy sekerlik hoe om Sy Woord te hou, en Hy sal Sy Woord hou as julle Dit sal glo.

²⁷ Nou, ons gaan die onderwerp benader, net vir 'n paar oomblikke op 'n ritualistiese manier, om julle te probeer wys dat die dinge wat ons verkondig nie 'n mitiese opset, of iets geheimsinnigs is nie, dis iets wat God in die Bybel belowe het.

²⁸ Nou laat ons van Sy Woord lees. En as 'n openingsboodskap vir die mense, wil ek lees uit Johannes 12:20, en uit Hebreërs 13:8. En hier is hoe dit lui:

En daar was sommige Grieke onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid:

Hulle het na Filippus gegaan wat van Betsaida in Galiléa was, en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien.

²⁹ En in Hebreërs 13:8 staan daar geskrywe:

Jesus Christus dieselfde gister, . . . vandag, en tot in ewigheid.

³⁰ Nou, ek wil graag hierdie vraag vra, en ek sal net so kort as moontlik wees, my vrou het gisteraand vir my gesê daar was so 'n eggo, dat julle dit nie kon hoor nie: Ek wonder net of julle kan hoor agter aan die agterkant, baie goed soos hierdie. As julle kan, steek julle hande op. Bo in die balkonne, steek julle hande op as julle kan hoor. Dis goed, gaaf.

³¹ Nou, God help ons om hierdie verstandig, eerbiediglik, en Skriftuurlik te benader. Nou, die Skrif sê dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, Jesus het gesê: “Die Skrifte kan nie gebreek word nie.” Glo julle dat dit die waarheid is? As dit die waarheid is, dan moet Hy dieselfde wees gister, vandag, en tot in ewigheid.

³² En hierdie Grieke het die vraag gevra toe hulle na die fees toe gekom het, hulle het vir Filippus, 'n prediker, gesê: “Meneer, ons wil Jesus graag sien.” Nie Sy werke sien nie, nie Sy—Sy krag sien om te genees nie: “Ons wil net vir Jesus sien.” En ek dink dit sou die gevoel van elke persoon goed uitdruk vanaand: “Ons wil Jesus graag sien.”

³³ En as die Bybel gesê het dat hulle, daardie Grieke hulle begeerte gekry het, omdat hulle na Hom toe geneem is en Hom gesien het, dan as Hy dieselfde is, en ons begeertes is dieselfde as wat hulle s'n was, waarom kan ons Jesus dan nie sien nie? Nou, dit klink fanaties, maar ek haal net aan wat die Woord sê. En as God nie Sy Woord hou nie, dan is dit nie God se Woord nie.

³⁴ Nou, jy moenie die Bybel ligtelik opneem, en sê: “Dis 'n historiese Boek en die tye van wonderwerke is verby,” nie. Wat help dit om te probeer om—om 'n persoon warm te kry met 'n geverfde vuur? As 'n man doodvries, en jy gee hom 'n geverfde

vuur om by warm te word, kan hy nie warm word by 'n geverfde vuur nie, hy moet vuur hê om mee warm te word. Wat help 'n historiese God, as Hy nie dieselfde God vandag is nie?

³⁵ Wat help 'n God van Moses as Hy nie vandag dieselfde is nie? Watter nut het 'n God wat in Galiléa gewandel het en die siekes genees, en die groot wonderwerke gedoen het, as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Wat help 'n God van Pinkster, as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Wat sal dit jou help om jou kanariovoël vitamien A en B te voer om goeie, sterk vlerke te maak, en hom nooit laat vlieg nie? Sien, hy—hy moet 'n God van teenwoordige tyd wees as Hy hoegenaamd God is, want Sy belofte is so.

³⁶ Nou, hulle het gesê: “Kan ons Jesus sien?” Herinner my aan 'n storieltjie van 'n seun in ons stad, hy het Sondagskool toe gegaan soos enige klein, normale seuntjie moet, en hy het die prediker hoor preek oor hoe groot God was, en sy hartjie het opgewonde geraak. En hy gaan na sy mamma toe eendag, en hy het gesê: “Kan enigiemand God sien?”

Sy het gesê: “Waarom vra jy nie jou Sondagskoolonderwyseres nie?”

En die Sondagskoolonderwyseres het gesê: “Ek kan jou nie sê, vra die pastoor.”

En die pastoor het gesê: “Seun, natuurlik, kan niemand God sien nie. Niemand kan God sien en lewe nie.”

³⁷ Wel, dit het net nie die seuntjie heeltemal tevrede gestel nie. En ons woon langs die Ohiorivier, en hy het altyd opgegaan na wat ons die Ses Myl Eiland noem, ses myl buite Louisville, saam met 'n ou visserman wat altyd na my kerk toe gekom het, en hy—hy het wit baard gehad en, en hy sou soontoe gaan saam met hierdie ou visserman om vis te vang. En eendag terwyl hy daarbo was, het daar 'n storm gekom. En die . . . Na die storm verby was, het hulle in die bos ingegaan om van die storm te ontsnap, toe het hulle weer uitgegaan in die rivier en het afgegaan met 'n goeie, mooi vangs uit die ou visserman se nette, en 'n reënboog het gekom in die ooste soos hulle weswaarts gegaan het.

³⁸ En die ou visserman, soos hy sy boot geroei het, die seuntjie wat agter in die boot sit, het trane opgelet wat afloop oor sy grys baard. En hy het opgewonde geraak, en hy het gehardloop na die middel van die boot, en hy het neergeval langs die ou visserman se skoot, en hy het gesê: “Meneer, ek wil vir jou 'n vraag vra wat die pastoor blykbaar, Sondagskoolonderwyseres, my moeder, of niemand my kan antwoord nie: Die God wat daardie reënboog gemaak, en die God wat alle dinge gemaak het wat is, kan enige mens Hom sien?”

³⁹ En die ou visserman, oorweldig deur die seuntjie se stelling, het hom in sy arms opgetrek, en sy koppie gebaai met trane, en

hy het gesê: “God seën jou hartjie, skat! Al wat ek die afgelope veertig jaar gesien het, was God.”

⁴⁰ Hoekom? Jy moet God aan die binnekant hê voor jy Hom aan die buitekant kan sien. En daar’s baie mense wat blykbaar nie verstaan wat God is nie.

⁴¹ Maar Hy moet inkom en deur jou oë kyk, jou oë gebruik, en jou verstand, jou denke, en jou sig, jou emosies moet alles ten volle beheer word deur God. Soos ek die eerste aand hier gesê het, die deur binne-in die deur, Hy moet Here wees. Nou, sekerlik, as God aan die binnekant is, kan Hy Homself uitdruk in ’n afbeelding iewers in reënboë, en alles, dat jy Hom kan sien.

⁴² ’n Vrou oorkant in Louisville, Kentucky, ’n paar weke gelede, was die hele tien-sent winkel ontsteld deur ’n toneel van emosie, en daar het ’n vrou in die tien-sent winkel ingekom, en sy het haar seuntjie gehad van, o, twee jaar oud, reken ek, in haar arms, of miskien ’n bietjie ouer, en sy sou van toonbank na toonbank gaan, klein goedjies optel en sê: “Kyk, Skat, kyk hier, Skat!” Maar die seuntjie het net gesit, en staan.

⁴³ En sy sou na ’n ander toonbank toe gaan, en sy sou iets optel, en sê: “Kyk, Skat!” En die mense in die—die tien-sent winkel het die vrou begin oplet. En sy het die heelryd meer histories geraak. En uiteindelik, het sy by ’n sekere klein dingetjie gekom, en dit het geratel, en sy het dit opgetel, soos ’n klein seuntjie van sy ouderdom, sy aandag sou daarmee getrek word, en sy het dit voor sy gesig geratel, sy het gesê: “Kyk, Skat!” Maar die seuntjie het net gesit en kyk, en sy het uitgeput neergeval op die hoop klein goedjies oor die toonbank.

En party van hulle wat daar gestaan het, het gehardloop om haar te help, en hulle het gesê: “Mevrou, wat is fout?”

Sy het gesê: “O, nee! Hy’s niks beter nie.”

En hulle het gesê: “Wat bedoel jy: ‘hy’s niks beter nie?’”

⁴⁴ Gesê: “Die dokter het ’n tydjie gelede gesê, hy het gedink hy was beter.” Gesê: “Julle sien, hierdie is my seun, en hy net, sover die dokters weet, dat hy ’n normale kind is, maar hy het net ’n punt bereik waar hy nie gereageer het op goed waarop kinders van sy ouderdom moet reageer nie. En hy staan net asof sy verstand verlam is.” En gesê: “Hy’s niks beter nie, hy’s niks beter nie!”

⁴⁵ En ek wonder net of dit nie die toestand van die Kerk is vanaand nie? Dat God... Julle is Christenmense, julle is mense wat bely om die Here Jesus te ken, en Hy het elke soort gawe voor julle geskud, en hierdie Verenigde State van Amerika is veronderstel om ’n Christennasie te wees, en groot manne het deur hierdie volk gegaan, Billy Graham, en Oral Roberts, en A. A. Allen, en baie groot predikers met groot gawes, en hulle het dit voor hulle oë geskud, en hulle sit asof hulle verlam is, geestelik

verlam. Ek wonder wat God dink van *Sy* kinders wanneer Hy hulle *Sy* Goddelike Teenwoordigheid kan wys, en hulle sal steeds sê: “Wel, ek sal wag tot Broer Allen verbykom, of Broer Roberts, of Broer Branham.”

⁴⁶ Moenie wag vir hulle om verby te kom nie, hulle is mans, Jesus is nou hier, wat Homself voor julle wys as ’n lewende God. En die Kerk het net begin staan: “Wel, ons glo, o, ja, ons glo.” Maar dit het so alledaags geraak vir die mense. Nou, ek het nie tyd om baie met julle te praat nie, maar die Bybel sê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dan moet Hy—Hy dieselfde wees.

⁴⁷ En nou glo ek het ek gisteraand gesê, dat wanneer God ’n besluit neem, is dit vir altyd ’n besluit, Hy kan nie verander nie. En die manier . . . As . . . Ek het gesê, as ’n sondaar na God toe sou kom en sy sondes bely, en God het die sondaar vergewe, die tweede sondaar wat kom, moet God dieselfde ding doen, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste sondaar gered het. Dan as Christus Homself gemanifesteer het by die afsluiting van die Joodse bedeling, luister nou mooi, soos Hy het toe Hy Homself aan die Jode gemanifesteer het . . . omdat hulle gesoek het na Hom om te kom en Hom nie herken het nie. Is dit waar?

⁴⁸ Nou, die Heidene het nie gesoek na Hom om te kom nie, ons was heidene in daardie dae, wat afgode aanbid het. Maar aan die einde van die bedeling van die Jode toe hulle Hom verwerp het, die manier waarop Hy Homself gemanifesteer het aan die einde van die Joodse bedeling, sal Hy dieselfde ding moet doen by die afsluiting van die Heidense bedeling, of Hy het verkeerd gedoen om Homself te manifesteer soos Hy het in *Sy* krag aan die einde van die Jode, en dit nie by die Heidene sou doen nie. Verstaan julle goed?

⁴⁹ Nou, die profeet het gesê: “Daar sal ’n dag wees wat dit nie nag of dag sal wees nie, maar in die aand sal dit Lig word.” Nou, wat het ons gehad? Die son, geografies, kom op in die ooste, beskawing het opgekom in die ooste, en dit het weswaarts beweeg, en nou is dit by die Weskus, die ooste en die weste het ontmoet. Ek preek daaroor partymaal in my evangelistiese dienste, van die ooste en weste wat ontmoet.

⁵⁰ Wel nou, let op, dieselfde son wat opkom in die ooste, is dieselfde son wat sak in die weste. En ons het tweeduisend jaar van Bybelonderrigting gehad, kerke, wat in orde is, ons het ’n bietjie Lig gehad, dit was nie heeltemal Daglig nie, want dit is ’n somber dag, soos ’n mistige dag, ons het genoeg Lig gehad om te glo Hy’s die Seun van God, om Hom as persoonlike Verlosser te aanvaar, kerke te bou, organisasies te maak, maar dit was nie die manier wat Dit in die begin geskyn het nie.

⁵¹ Maar dis aandtyd, en die Lig gaan onder oor die westerse mense. Die oosterse mense was die Jode, die westerse mense is

die Heidene. En dieselfde Seun, nie 'n ander Seun nie, dieselfde Seun van God Wat uit die dood uit opgestaan het, werk met die Heidense mense vandag op dieselfde manier wat Hy met die Jode gedoen het, met die doop van die Heilige Gees wat Homself manifesteer deur Sy Kerk, nie 'n ander nie, dieselfde.

⁵² Nou, toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: “Ek is die Wynstok, julle is die lote.” Nou, die wynstok dra nie vrugte nie, die wynstok gee net die loot krag, en die loot dra vrugte. Weet julle dit? As jy na 'n pampoenrank toe gegaan het, kry jy 'n pampoen, as dit 'n vrugbare rank is; na 'n waatlemoen, sou jy 'n waatlemoen kry; jy na 'n wingerdstok toe gaan, kry jy druiwe.

⁵³ Hier is dit: En wanneer jy na die kerk toe kom, behoort jy Christus te vind. Maar wat kry jy aan Sy Wynstok? Jy kry denominasies, wat stry, baklei, argumenteer, alles behalwe die vrugte van Christus. Jesus het gesê: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. 'n Klein tydjie en die wêreld,” kosmos, wêreldorde: “die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek,” en *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: “Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld.” Die Bybel het gesê Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

⁵⁴ Nou, daar's net drie rasse mense, ons weet dit almal, dis Jood, Heiden, en Samaritaan; en die Samaritaan is half Jood en Heiden. Dis Gam, Sem, en Jafet se mense, die drie seuns van Noag, waar die menslike ras begin het na die sondvloed vernietiging.

⁵⁵ Nou let op, beide Jood en Samaritaan, wat half Jood en Heiden is, het gesoek na die koms van die Messias, maar nie die Heiden nie, hulle was Romeinse heidene, ensovoorts. Maar hulle het gesoek na die koms van die Messias.

⁵⁶ Nou, as die Messias in hulle dag gekom het en Homself op 'n sekere manier gemanifesteer het, moet Hy dieselfde ding doen vir die Heidene, of Hy het verkeerd gedoen deur Homself destyds daar te manifesteer op daardie manier. As Hy ons in die Ewigheid laat ingaan sonder om dieselfde manifestasie te doen, dan het Hy . . . ons net laat sê: “Wel, omdat ons die kerk is, ons *hierdie* is, ons die mees grasieuse kerk is, ons die magtige kerk is, ons die beste Bybelkerk is,” oor goed soos daardie, en ons in die Ewigheid laat ingaan sonder om Homself te manifesteer . . .

⁵⁷ Hulle het dieselfde ding gehad, Fariseërs, Sadduseërs, Herodiane, ensovoorts, maar Hy het gekom en nooit kant gekies met enige van hulle nie. Hy het gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo die werke.”

⁵⁸ En kyk, toe Hy weggegaan het: “Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle.” En die Vader wat Hom gestuur het, het saam met Hom gegaan, en was binne-in Hom. En die Christus wat die man stuur, gaan saam met hom en is binne-in hom, Jesus

Christus in Sy Kerk, Sy lote wat hulle krag gee, wat dieselfde vrugte voortbring wat Hy gebring het toe Hy hier op aarde was. Toe Hy na die Kerk toe gekom het in die laaste dag, het Hy gekom in die volheid van die Lig van die Seun.

⁵⁹ Nou, net een manier wat ons regverdig kon wees, om dit te verduidelik. As ek sou sê: “Julle Metodiste, wat dink julle van Hom?”

“Sekerlik, Hy’s dieselfde gister. Maar julle sien, ons glo nie hierin nie, en ons glo nie *daarin* nie.”

Aan die Presbiteriane: “Wat van julle?” Dieselfde ding. Baptis: “Wat van julle?” Dieselfde ding. Pinkster: “Wat van julle?” Dieselfde ding.

⁶⁰ Die Presbiteriaan het gesê: “Wel, ons dink dat ons Christus se Woord hou, dit handel dit af.”

“Goed. Wat van die doop van die Heilige Gees?”

“O, ons glo dit nie, dit was vir ’n ander tydperk.”

⁶¹ “Wat van julle Baptiste?”

“Ons glo dat ons gedoop moet word, onderdompel. ‘Glo in die Here Jesus Christus, jy en jou huisgesin sal gered te word,’ en word onderdompel.”

“Wat van die Heilige Gees?”

“Ons ontvang die Heilige Gees dieselfde tyd wat ons glo.”

“Paulus verskil van julle, hy het gesê: ‘Het julle die Heilige Gees ontvang *na* julle geglo het.’ En ek wat ’n Baptis is. Maar ek’s ’n Pinkster-Baptis.”

⁶² “Nou, wat sê julle van julle Pinksters?”

“O, prys God, Broer Branham, ons het die volheid gekry toe ons in tale gepraat het.”

⁶³ “Julle het nie, dis presies reg. Julle dit in die gesig staar, dis nie hoe Hy Homself destyds daar aan die Kerk gemanifesteer het nie. Hoewel, Hy wel deur tale praat, ek glo in praat in tale, uitleg van tale, maar dis nie alles daarvan nie.” Dis reg. Ons tyd gehad het, sou ek graag wou preek oor die plasing van ’n seun en uitvind of dit reg is of nie volgens die Skrif.

⁶⁴ Let op, wat het Hy toe gedoen in die dae wat verby is? Nou, daar’s net een manier om dit te doen, nie neem wat die Baptis sê, wat die Pinkster sê, of wat die Metodiste sê nie, maar neem wat God gesê het, dit behoort dit af te handel.

⁶⁵ Nou, ons lees uit Johannes 12, laat ons teruggaan na die 1ste hoofstuk van Johannes en uitvind wat Hy gedoen het. En as ons kan uitvind wat Hy gister was, moet Hy dieselfde wees vandag.

⁶⁶ Nou onthou, Hy het Homself aan die Jode gemanifesteer, hou dit in gedagte, die Jode, geen Heiden nie, Hy het nie na die

Heidene toe gegaan nie, en het Sy dissipels verbied om na die Heidene toe te gaan. Onthou julle dit?

⁶⁷ Hoekom? Hierdie is ons tydperk, dit was hulle tydperk; die Heidene het nie na Hom gesoek nie, die Jode het. Nou, ons praat met die Jode. Nou, hier is Hy in die 1ste hoofstuk van Johannes, ons vind uit toe Hy gesalf is, en Sy aardse bediening begin het, dat Hy vir die siekes begin bid het, en hy het 'n man gevind met die naam van Andréas, en Andréas gaan vinnig en kry sy broer, wat Petrus was, toe bekend was met die naam van Simon.

⁶⁸ En toe hy Simon gebring het. . . Nou onthou, hierdie Simon was 'n visserman, die Bybel sê hy was onkundig en ongeleerd (Broer, dit sou al jou kweekskole en skole net daar op die kop slaan.), en hierdie man is die sleutels van die Koninkryk van God gegee, 'n onkundige en ongeleerde visserman.

⁶⁹ Nou, ek probeer nie onkunde ondersteun nie, maar ek probeer julle sê, julle plaas te veel op geleerdheid en teologie, en nie genoeg op God en Sy alomteenwoordigheid en krag nie. Hierdie man, het die Bybel gesê, was onkundig en ongeleerd. Die historiese skrywers sê dat hy nie eens kon, nie eens sy eie naam kon herken wat voor hom geteken was nie, en tog het dit God behaag om niks te neem en iets daaruit te maak, en Hy het vir daardie man die sleutels van die Koninkryk van die Hemel gegee.

⁷⁰ Nou, toe Andréas gevind het, gegaan en sy broer gevind en gesê het: "Kom kyk, ons het die Messias gevind," nou let op, hier kom dit, nie 'n groot teoloog soos Kajafas of sommige van die priesters nie, hulle sou dit nooit geglo het nie, maar Hy het 'n onkundige man gekry, en hy het in Jesus se Teenwoordigheid ingeloop, nou kyk wat Jesus gesê het toe hy hierdie man gevind het, 'n Jood nou, 'n onkundige visserman, en Hy het gesê: "Jou naam is Petrus, of Céfás, en jou vader se naam is Jona."

⁷¹ Wat dink julle het daardie onkundige man gedink, toe hier 'n Man was wat hom nog nooit in Sy hele lewe gesien het nie? Ek lees uit Johannes 1. Toe hierdie onkundige visserman in die Teenwoordigheid van Jesus Christus ingekom het, het Jesus vir hom gesê wat sy naam was en wat sy vader se naam was. Sê die Bybel dit, enigiemand wat dit ooit gelees het? Wat dink julle het hy gesê? Nou, dit was Jesus gister. Dis hoe Jesus Homself bekend gemaak het aan die Jood. En later is Petrus die sleutels van die Koninkryk gegee.

⁷² Toe is 'n kêrel bekeer met die naam van Filippus, presies dieselfde dag. Wel, hy was so opgewonde, dat hy om die berg gegaan het, vyftien myl agter die berg, ek dink dis omtrent die regte afstand, so word daar vir my vertel, en hy het na 'n huis toe gekom, kom ons dramatiseer dit sodat die kinders dit sal verstaan, hy kom na 'n huis van sy vriend toe. Dis 'n goeie teken dat hy bekeer is, hy wou sy vriend daarvan vertel.

⁷³ 'n Man en 'n vrou, of seun of meisie, wat ooit werklik bekeer is, dis die eerste plek in die lewe, dis al waaraan hulle kan dink, is Jesus Christus. Dis waaroor ek wonder, die toestand van die kerk vandag, om te sien dat ons verlam is in daardie dinge. Ons behoort aan die brand te wees, opgewonde, aan die brand, eerste ding in die oggend en die laaste ding in die aand, en regdeur die dag, in my hart, in my gedagtes heeldag lank!

⁷⁴ Maar die ding daarvan, ons beoefen ons godsdiens elke nou en dan wanneer 'n evangelis dorp toe kom, en ons kerk toe gaan, en miskien op Sondaggend, as daar nie 'n goeie televisieprogram aan is nie, sal ons—sal ons Sondagskool toe gaan; en, julle sien, dis nie meer in ons harte nie, die vuur het uitgebrand. En enigiemand weet, in die ou tempel van Rome, Avesta, wanneer die vuur uitgebrand het, het die mense huis toe gegaan; ek dink dis tyd om huis toe te gaan wanneer die vuur van die altaar van God afgaan, dis tyd om die kerk toe te maak en terug te gaan en weer opnuut te begin.

⁷⁵ En let op, hierdie man was so opgewonde, dat hy om die berg gegaan het. Ek kan hom aan die deur sien klop. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En die vrou het na die deur toe gekom, en hy het gesê: “Is Natánael hier?”

“O,” het sy gesê: “Ons is bly om jou te sien, Filippus. Hy het net 'n klein wandelinkie buite in die tuin geneem.”

⁷⁶ En hy het uitgegaan deur die tuin, en hy het iets oorkant in die bosse hoor aangaan. Hy het baie saggies nadergesluip, en daar was sy vriend Natánael besig om te bid: “O Jehova, kom en wees ons genadig en stuur vir ons die Verlosser.”

⁷⁷ Ek kan Filippus daar sien staan, as 'n Christenheer natuurlik, sou hy hom nie onderbreek in gebed nie, sy vingernaels gebyt, en gesê: “O, hoekom maak hy nie gou nie? Kan net nie wag om hom van iets te vertel nie!”

⁷⁸ Dis hoe die Kerk behoort te wees, dis hoe die Kerk behoort te wees, net te wag vir die geleentheid! Maar vandag skram ons weg: “Dis die predikers se werk.” Dis julle werk, dis almal se werk.

⁷⁹ En hy het gewag. Naderhand het Natánael gesê: “Amen.” Opgestaan en sy klere begin afstof, en hy het omgedraai, gesê: “Filippus, ek is bly om jou te sien!”

⁸⁰ Hy het nie gesê: “Hallo, Natánael,” nie. Hy het gesê: “Kom, kyk Wie ons gevind het!” Daar het julle dit, geen tyd vir groet nie, dis “Kom, kyk Wie ek gevind het!” Die probleem daarmee is, ons moet 'n sosiale partytjie hê en predikersvereniging om bymekaar te kom, en, o, goeiste! Die boodskap is: “Kom, kyk Wie ons gevind het!” En ek kan vir Natánael sien, soos hy na hom kyk, redelik geskok. “Jesus van Násaret, die seun van Josef,” gesê: “Kom, kyk.”

⁸¹ Ek kan Natánael nou sien, 'n stoere Hebreër, uit die Presbiteriaanse kerk, of die, een of ander kerk van daardie dag, julle weet, hy het gesê: “Nou, net 'n oomblik Natánael, ek het jou geken as 'n regverdige man, jy moes aan die diep kant afgegaan het, seun.” Enigiemand wat Christus vind, hulle dink hulle het aan die diep kant gegaan. “Jy moes die diep kant getref het, seun. Wat makeer jou? Wil jy vir my sê dat hierdie Galilêse Kêrel waarvan jy praat, van Násaret? Wel, as die Messias sou kom, sou Hy afkom na Kajafas, ons hoëpriester, en Hy sou sê: ‘Kajafas, Ek’s die Seun van God, Ek’s die Logos, Ek’s—Ek’s die Christus.’ En dan sou die hoëpriester al die ander priesters inroep, en sê: ‘Hy na Wie ons gesoek het, is nou hier.’ Dis hoe dit sou wees.”

⁸² Dis wat julle Presbiteriane dink, dis wat julle Katolieke dink, en dis wat julle Pinksters dink. Julle Katolieke dink, as Christus sou kom om Homself in hierdie dag te manifesteer, sou hy na die pous toe moes kom; en party van julle Presbiteriane dink hy sou na julle biskop toe moes kom; en julle Pinksters dink Hy sou na die distrikspresbiter toe moes kom, maar God gaan na wie Hy wil, en dit het niks met niemand te doen nie, Hy manifesteer net Homself.

⁸³ “Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?” het hy gesê. “Wel, jy moes gegaan het na . . . Jy moes deurmekaar geraak het met iets. Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?”

⁸⁴ Ek dink hy het hom die beste antwoord gegee wat enige man kon gee, hy het gesê: “Kom kyk.” Moenie by die huis bly en kritiseer omdat jou kerk nie saamwerk nie, maar kom kyk self. Dis die manier om enigiets uit te vind: Kom vind uit vir jouself.

⁸⁵ Op die pad om, wens ons het tyd gehad om 'n rukkie daarby stil te staan, maar op die pad om, soos daardie twee mans geloop het, kan ek vir Natánael hoor sê: “Nou, wag 'n bietjie, Filippus, wat doen jy . . . ?”

⁸⁶ Ek hoor vir Filippus sê: “Sê, Natánael, wil vir jou iets vertel: Onthou jy daardie keer wat jy daardie vis gekoop het daaronder by die rivier, daardie ou kêrel met die naam van Simon?”

“Ja, ek—ek onthou.”

“O, daardie ou kêrel wat nie daardie kwitansie vir hulle kon teken nie.”

“Ja.”

⁸⁷ “Weet jy, toe hy opgekom het voor die Here, het Jesus vir hom gesê dat sy naam Simon was. En onthou jy sy vader wat daarbo op daardie stomp gesit het, aan wie hy jou bekendgestel het, sy naam Jona was?”

“Ja, ek onthou dit.”

⁸⁸ “Wel, toe hierdie Simon in die Teenwoordigheid van Jesus gekom het, het Jesus vir hom gesê: ‘Jy is Simon, en jou vader se naam is Jona.’ Jy weet, Filippus, of, Natánael, dit sou my nie

verbaas as jy in Sy Teenwoordigheid kom, Hy jou nie ook sou sê jou naam is Natánael nie.”

“Ag, nou wag ’n bietjie, nou Natánael, of, Filippus, moet nou nie probeer om my te laat deurmekaar raak met party van hierdie fanatisme nie.”

“Ek laat jou nie deurmekaar raak met enige fanatisme nie. Nou, ondersoek die Skrifte en vind uit of dit nie die manier is wat die Messias moet kom nie, vind uit of dit nie reg is nie.”

⁸⁹ Naderhand het hulle nadergekom, en daar het Jesus in die ry gestaan, die gebedsry, gebid vir die siekes. Nou, hierdie was Jesus gister. Bo in die gehoor en in die gebedsry, waar dit ook al was, hy mag nie in die gebedsry gekom het nie, hy mag net in die gehoor gewees het. Hoe ook al, toe Jesus hom gesien het, het Hy gesê: “Daar is nou waarlik ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

⁹⁰ Nou onthou, jy het gesê: “Hy het dit geweet oor die manier wat hy aangetrek was.”

⁹¹ O, nee, al die oosterlinge het dieselfde aangetrek, Hy kon ’n Griek gewees het, hy kon ’n Arabier gewees het, hulle het almal aangetrek met tulbande en hulle lang kleed net dieselfde, hulle was almal mense met donker gelaat. Maar Hy het gesê: “Jy’s ’n Israeliet, nie net ’n Israeliet nie, maar in jou is daar geen bedrog nie.”

En dit het daardie Jood verstom, om na daardie Jood te luister, hy het gesê: “Rabbi,” beteken *leraar*: “Rabbi, wanneer het U my al ooit gesien? Hoe weet U dat ek ’n Israeliet en ’n eerlike man is?”

Jesus het gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.” Huh! Watter oë! Is dit die waarheid?

⁹² Dit was Jesus gister, wat Homself aan die Jode gemanifesteer het. As dit is hoe Hy Homself gemanifesteer het aan die Jode, is Hy verplig om dieselfde ding te doen. As ’n besluit gemaak moet word, en Hy maak dit op ’n sekere manier, moet Hy die volgende keer dieselfde maak, want God is oneindig en kan nie verander nie, moet dit doen. Nou onthou, dit is nooit vir ’n Heiden gedoen nie: ’n Jood.

⁹³ En nou, hierdie man met wie die wonderwerk gedoen is. . . . Julle sê: “Was dit ’n wonderwerk?”

⁹⁴ Baie groter as wat dit sou wees om ’n man in ’n rolstoel te genees. ’n Man onder emosie kon opspring uit ’n rolstoel, maar dit kon nooit plaasvind behalwe met ’n geestelike krag nie.

⁹⁵ Hy het gesê: “Rabbi, U is die Seun van God.” Hoe het hy geweet Hy was die Seun van God? Hy was ’n teoloog, hy het vir Hom gewag. Hy het gesê: “U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.”

Jesus het gesê: “Omdat Ek vir jou gesê het Ek het jou onder die boom gesien, glo jy My? Dan kan jy groter dinge as hierdie sien. Kom, volg My.” Hy was ’n gelowige.

⁹⁶ Maar natuurlik, daar het die Ortodokse daar gestaan, daardie yslike, groot Baptiste, Presbiteriaanse, Lutherse, en Pinksters, wat al die grade gehad het, julle weet, wat daar gestaan het, wel, hulle moes hulle gemeente op een of ander manier gerusstel, hulle het gesê: “Hierdie man is Beëlsebul, hy’s ’n fortuinverteller.” Hulle moet dit aan iets toeskryf, hulle kan dit nie uitwerk nie, hulle moet dit op iets plaas. En hulle het gesê: “Hierdie man het verstandstelepatie, hy’s ’n fortuinverteller, en hy doen dit deur die gees van die duiwel.”

⁹⁷ Jesus het omgedraai, en Hy het gesê: “Julle dit teen My sê, sal Ek julle vergewe, maar wanneer die Heilige Gees gekom het en dieselfde ding doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe word, in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie.”

⁹⁸ Nou, wat daarvan? Geprofeteer dat die Heilige Gees sou kom en dieselfde ding sou doen, en een woord Daarteen! Geen wonder ons is gereed vir oordeel nie. Wanneer die Heilige Gees gekom het om dieselfde ding te doen, sal een woord nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie.

⁹⁹ Dan wil ek nog een persoon neem: Daar was nog ’n nasionaliteit van mense, hulle was Samaritane. En enigiemand weet die Samaritaan het aan die Joodse godsdiens vasgehou. Het julle dit geweet? Sekerlik.

¹⁰⁰ Johannes, ek is nou in Johannes die 3de hoofstuk, ek gaan na Johannes 4. In Johannes 4 het Hy behoefte gehad om na Samaria toe te gaan, Hy was moeg op Sy pad, Hy het gaan sit by ’n put, ’n panoramatjie soos hierdie. As enige van julle al ooit daar by Samaria was en die put gesien het, dis ’n publieke pomp, of, put waar die mense van die stad af kom om hulle water te skep. Hy het gaan sit, dit was omtrent elfuur in die dag, of twaalf, Hy het Sy dissipels in die stad ingestuur om kos te kry.

¹⁰¹ Terwyl Hy daar gesit en rus het, omdat Hy moeg en uitgeput was, let nou op, Hy het behoefte gehad om te gaan na, en in Johannes 4 het Hy by hierdie put gesit, en daar het ’n vrou uitgekom. Kom ons sê net sy was ’n mooi vrou, jonk, in haar twintigs, baie mooi, en haar... ’n aantreklike persoon, en sy het uitgekom. Sy het ’n pad gekies wat verkeerd was, sy sou in owerspel gelewe het, soos ons dit vandag noem, ’n prostituut, en sy het uitgekom na die put toe om water te kry. Miskien was dit omdat sy die hele oggend geslaap het, heelnag op was, of miskien, die regte feit daarvan is, sy kon nie soontoe kom, waar ordentlike vroue was nie, sy was ’n uitgeworpene. In daardie dae het hulle hulle gemerk. Wat as hulle hulle vandag gemerk het? Julle sou beslis ’n groot skeiding sien.

102 So toe, toe hulle. . . Sy het uitgekom om water te kry, sy het geneem. . . As julle al ooit in die Ooste was, hulle het 'n, soos 'n kruik gedra, lyk dit vir my, het 'n yslike groot nek daaraan, en—en twee hake rondom soos *hierdie*. En ek het die vrou sien afgaan na die put, 'n klein toutjie sit, en 'n klein hakie rondom en die slinger laat sak, een van daardie groot kruike uitkry, omtrent vyf gelling, drie van hulle uithaal, een bo-op haar kop gesit, en een op elke heup, 'n halfdosyn vroue wat in die straat afgaan, wat praat, en lag, haar kop op-en-af knik, net praat soos vroue kan, julle weet, wat aanstap soos daardie, en nooit 'n druppel water mors nie, net aanstap en praat.

103 En hierdie vrou het gekom, en sy sou haar emmer laat sak om 'n bietjie water te kry, en daar het 'n Stem gekom en gesê: “Vrou, bring vir My water om te drink.”

104 En sy het rondgekyk, en sy het 'n Jood daar oorkant sien sit. Nou onthou, daar was 'n skeiding in daardie dae. So, sy het na Hom gekyk, en sy het gesien Hy was 'n Jood.

105 Nou, Hy was net dertig, omtrent twee-en-dertig jaar oud, maar die Skrif het gesê Hy het vyftig gelyk. Hoeveel weet dit? Johannes 6 het gesê: “U sê U was, het vir Abraham gesien, en u is nie ouer as vyftig jaar nie? Nou weet ons U het 'n duiwel.” Sien?

106 Hy het gesê: “Voor Abraham was, IS EK.” Sien, Sy werk, miskien, het sy jeug van Hom weggeneem, mag 'n bietjie grys gewees het.

107 Maar Hy het oorkant teen die pomp gesit, of, oorkant teen die muur, waar die rankplante oor die muur groei. En sy het gesê: “Meneer, U is 'n Jood, en ek's 'n vrou van Samaria, ons het niks met mekaar te doen nie, dis nie die gebruik vir U om my enigiets te vra nie.”

108 Hy het gesê: “Vrou, as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek gee jou Water wat jy nie hiernatoe kom om te skeep nie.” Nou, wat het Hy gedoen? Kontak gemaak met haar gees.

109 En sy het gesê: “Wel, U sê aanbid in Jerusalem, en ons vader. . . U sê U is groter as ons vader, Jakob?” Sien, Jakob haar vader genoem, dieselfde as die Jood. “Ons vader Jakob het hierdie put gegrawe, hy het daaruit gedrink, sy familie het daaruit gedrink, sy beeste het daaruit gedrink, en U het water wat groter is as hierdie?”

Gesê: “Wel, die water wat Ek gee is aan die binnekant, wat opborrel.”

110 En die gesprek het voortgegaan totdat Hy gevind het wat haar probleem was. Nou onthou, Jesus gister, vir die Samaritane wat gesoek het na die koms van die Messias, die uitgeworpenes.

Nou, wat het gebeur? Toe sy weer gekyk het, en Hy het gesê: “Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe.”

Sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

Hy het gesê: “Dis reg. Jy het vyf mans, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie. Jy het reg gesê.”

¹¹¹ Wat het sy gesê? “Hierdie man is Beëlseubub, hierdie man het ’n bose gees, hy’s ’n fortuinverteller.” Nee, sy het meer van God af geweet, as ’n prostituut, as die helfte van die predikers in hierdie stad. Dis reg, reg. Sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n profeet is.”

¹¹² Nou, as julle daardie woord sal terugneem, dit beteken die Profeet, die Messias: “Die Here julle God sal ’n Profeet oprig soos wat ek is,” het Moses gesê.

¹¹³ Sy het gesê: “Ek sien dat U ’n profeet is. Ons,” luister: “ons Samaritane, ons weet dat wanneer die Messias kom, sal Hy ons hierdie dinge wys.” Sy het geweet dit was die teken van die Messias. Sy het gesê: “Maar Wie is U? U moet Sy profeet wees. Want ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Maar Wie is U?”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

Sy het die waterpot laat val en sy het in die stad ingegaan, en sy het gesê: “Kom, sien ’n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?”

¹¹⁴ As dit die Messias gister is, die teken van Messias, is Hy dieselfde vandag, dis dieselfde teken vir die Heidense Kerk. Hy kan ons nie net laat wegkom met teologie en by kerke aansluit nie, Hy moet Homself manifesteer in die afsluiting van die Heidense tydperk net soos Hy het in die Joodse tydperk, en die Samaritane, vir hulle wat na Hom soek. Ons het tweeduisend jaar van onderrigting gehad nou, ons tydperk sluit af. Hoeveel sal daarmee saamstem, dat die Heidense tydperk afsluit?

¹¹⁵ As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, as Hy Homself bekend gemaak het aan beide Jood en Samaritaan, en nie een keer aan die Heideene nie. . . . Ondersoek die Skrifte. En af deur die tweeduisend jaar, is dit nie een keer gedoen tot net die laaste paar jaar nie. Hoekom? Die son gaan onder, die Messias het teruggekeer na Sy Kerk, en julle die doop van die Heilige Gees gegee, en julle geseën, en probeer om julle te laat opkyk, want julle verlossing is naby.

¹¹⁶ En die kerk, God gooi Sy gawes voor die kerk, en die kerk het gesê. . . . sit net soos die seuntjie, verlam. O God, wees ons sondige siele genadig!

¹¹⁷ As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. . . . Onthou julle wat Hy gesê het? Nog een Skrif wat ek wil aanhaal, hierdie: Johannes 5:19, moenie vergeet nie: 5:19. Jesus het na die bad van Betesda toe gegaan, daar het mans

gelê wat kreupel was, menigtes, duisende van hulle, meer as wat daar vanaand hier sit, verlam, blind, kreupel en uitgeteer. Hy het reguit na daardie bad toe gegaan en nooit aan een geraak nie, en omgekyk totdat Hy 'n man gevind het wat op 'n draagbaar gelê het. Nou, julle suiderlinge weet wat 'n strooimatjie is, ek is grootgemaak op een, en, 'n klein strooimatjie, wat voor die deur lê.

¹¹⁸ En hierdie man het op 'n strooimatjie gelê, hy was nie verlam nie, hy was nie lam nie, hy was ook nie kreupel nie, hy het 'n swakheid gehad, mag prostaatprobleme gewees het, dit mag tuberkulose gewees het. Dit was vertraag, hy het dit agt-entertig jaar gehad, dit sou hom nie doodmaak nie. En Jesus het vir hom gesê: “Meneer, wil jy gesond gemaak word?” Hoekom nie die man *hier* oorkant nie? Hoekom nie hierdie een *hier* wat verlam is nie? Wat . . . ?

En hy het gesê: “Ek het niemand om my in die water te sit nie; ek kan nie baie goed loop nie, wanneer iemand kom, hardloop voor my af, gaan in die water in.”

Hy het gesê: “Neem jou bed op en gaan in jou huis in.”

Hy het nooit enigsins gestry nie, sy bed opgetel, dit op sy skouer gesit, en aangestap.

¹¹⁹ Die Jode het Hom bevraagteken, hulle sou vandag bevraagteken, die kerk sou vandag bevraagteken. Luister wat Hy gesê het, Johannes 5:19, moenie vergeet nie: 5:19: “Voorwaar, voorwaar,” dis *absoluut, absoluut*: “Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie.”

¹²⁰ Nie wat Hy die Vader *hoor* doen nie, nie wat as die Vader se wil geopenbaar word nie, maar wat Hy die Vader *sien* doen. Die Skrifte kan nie gebreek word nie. Jesus het óf die waarheid daar vertel óf 'n storie vertel. Hy het gesê Hy het nie een ding gedoen, totdat die Vader Hom deur 'n visioen gewys het wat om eers te doen nie. As Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, moet Hy dieselfde doen as wat Hy toe gedoen het. Glo julle dit?

¹²¹ Ek dink Billy het gesê hy het 'n klomp gebedskaartjies uitgegee. Party van julle sal nie op die platvorm wees nie. Nou maak ons gereed om daardie kaartjies na die platvorm toe te roep. Julle was 'n lang tyd, dis nog vroeg, julle het altyd na danse toe gegaan en heelnag gebly toe dit warmer as hierdie was. Julle ooit hel toe gaan, sal julle wens julle het 'n geleentheid om in 'n warm plek soos hierdie te sit, hulle het nie enige waaiers nie, en dit het nie lugversorging nie.

¹²² Luister, ek wil hier iets sê: Daar was eenkeer 'n vroutjie, wat geglo het Hy is wat Hy gesê het Hy is, en sy het deur die skare geglip, en sy het Sy kleed aangeraak, en oorkant toe gegaan, en gaan sit, of opgestaan, of wat sy ook al gedoen het. En Jesus het

gestop, luister nou mooi, Jesus het gestop en gesê: “Wie het My aangeraak?”

123 Wel, Petrus het Hom bestraf, ek kan my voorstel Petrus wat iets soos hierdie sê: “Here, kyk hier in my oog, wat makeer U? ‘Wie het U aangeraak?’ Terwyl hier ten minste ’n duisend mense hier is wat U op die rug klop en U hand skud, wat het verkeerd gegaan met U? Wat’s die probleem: ‘Wie het My aangeraak?’”

124 Maar Jesus het gesê: “Ek merk dat Ek swak geword het. Daar het deug van My uitgegaan,” sê die Koning James, wat “deug” is *krag*. “Ek het swak geword, iets het van My uitgegaan.”

125 O, broer, hou op dink omdat jy aan die Kerk van God behoort, die Gemeentes van God, die Eenheid, die Tweeheid, die Drieheid, of die Interafhanklike, of die Baptis, of Metodis, raak Hom aan met die soort aanraking wat daardie vrou het.

126 En sy het Hom aangeraak, Hy het gesê: “Ek het swak geword.” Dis die soort aanraking vir julle Suid-Carolina mense om Hom mee aan te raak. “Ek het swak geword.” En Hy het rondgekyk, hy kon dit nie vind nie. Sien, daardie vrou, haar geloof het getrek. Hy het uitgekyk in die gehoor en Hy het vir die vrou haar toestand vertel, sy het bloedvloeiing gehad, en gesê: “Jou geloof het jou gered.” Is dit reg? Dit was Jesus gister.

127 Hoeveel hierbinne, Bybellesers, weet dat die Nuwe Testament, die Boek van Hebreërs sê, dat Jesus Christus, net nou, hierdie einste uur, ’n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Wel, as Hy ’n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, en dieselfde Hoëpriester wat Hy toe was, sou Hy nie dieselfde moes optree as wat Hy toe het om te bewys dat Hy dieselfde Hoëpriester is nie? As Hy dit op ’n ander manier gedoen het, mag dit ’n ander hoëpriester wees, maar as Hy dieselfde is, moet Hy dieselfde optree. Is dit reg?

128 Nou, as Hy na hierdie gehoor toe sal kom vanaand, sal die volgende tien of vyftien minute dit verklaar. As Hy na hierdie gehoor toe sal kom en Homself bewys om hier te wees, dieselfde Jesus, hoeveel van julle wat Hom nog nooit geken het nie, sou sê: “Ek sal Hom ontvang as my Verlosser,” en julle wat Hom wel ken, sê: “Ek sal Hom meer liefhê, as daar ’n moontlikheid vir my is om Hom meer lief te hê”? [Leë kol op band—Red.] . . . jou hand.

129 Kom ons bid.

130 Here God, dis warm en sweterig, maar U het eenkeer afgegaan in ’n vuuroond om drie mans te laat weet dat U die Seun van God is. U faal nooit, U is God. En ek bid, Vader, vanaand, dat U hierdie getroue klomp mense sal beloon wat hier in hierdie warm gebou sit, wat waai, sweet wat van hulle klein babatjies afloop, en hulle voorkoppies afvee, en van die ou siek vaders af, ’n ou moeder wat daar siek gelê het, kinders. Hulle wag Here,

want daar's iets in hulle, wat vir hulle sê dat daar hulp net naby is, hulle druk deur die woestyn na die watergat toe.

¹³¹ “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, dat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar vrylik die Waters van die Lewe kan vind.”

¹³² O Here, stuur Hom in ons midde vanaand soos daardie Rots in 'n land wat versmag, die Skuilplek in die tyd van die storm, die Jesus wat gister was, en dieselfde is vandag, en tot in ewigheid sal wees. Here, hierdie is U lote, verkwik deur U Gees vanaand, as die Wynstok, beweeg in die mense in.

¹³³ Here, kom na my toe en help my; en die gawe wat U gegee het, Here, beweeg dit uit voor die mense, soos ek myself oorgee. En maak nie saak hoeveel U deur my sou werk nie, as die mense dit nie glo nie, sal dit nooit werk nie. Want toe Hy na Sy Eie stad toe gekom het: “kon Hy baie magtige werke nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof.” God, mag dit nie so wees met Greenville, hierdie handjievoll mense vanaand wat hierbinne vergader is nie, mag hulle die Here Jesus in Sy krag en Sy opstanding sien.

¹³⁴ En wanneer ons hierdie gebou verlaat vanaand, mag die mense op pad huis toe sê soos hulle wat van Emmaüs af gekom het: Jesus was dood, ja, Hy het weer opgestaan, Hy het heeltdag met hulle gepraat, en hulle het dit nie geweet nie. Maar daardie aand toe Hy hulle alleen gekry en die deur toegemaak het, het Hy iets gedoen soos geen ander mens dit kon doen nie, Hy het 'n wonderwerk voor hulle gedoen, net soos Hy dit gedoen het voor Sy kruisiging, hulle het geweet Hy was dieselfde Jesus. En hulle het lig-hartig en lig-voets, na die dissipels toe teruggehardloop, gesê: “Waarlik, die Here Jesus het opgestaan uit die dood! En was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?”

¹³⁵ Here, mag dit die storie wees van elke persoon hier vanaand, soos ons die gebou verlaat, mag ons sê: “Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?”

¹³⁶ En doen iets vanaand, Here, in hierdie Heidense tydperk, hier nou, net soos U het in die afsluiting van die Joodse tydperk, en die Samaritaanse tydperk. Ek het waarlik Here, met my hele hart, dit gedoen so goed as wat ek weet hoe, om aan die mense te verduidelik dat ons aan die einde is. Hulle sien dis nie iets wat iemand opgemaak het nie, dis 'n belofte van God, en skenk dit Here, en mag hulle verstand nie verlam wees vir die feit dat U elders is, en dat U nie bestaan nie, maar laat hulle weet dat U dieselfde is en die genesing alreeds gedoen is op Gólgota, en as U een belofte hou, hou U hulle almal. Skenk, Here, dat groot dinge bereik sal word, want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

¹³⁷ Dankie vir julle bedagsaamheid, en dat julle hierdie hele tyd hier gesit het, en ek wat net tot op vyf-en-veertig minute neem,

of nie, meer as dit, om dit te verduidelik, na die beste van my wete; God beloon julle.

¹³⁸ As daar een ding was dat ek daar kon uitstap en 'n siek persoon genees, sou ek dit doen. Glo julle dit? Ek sou dit beslis doen.

¹³⁹ Baie mense dink ek is 'n isolasionis omdat ek nie by mense is nie, vriende, jy kan nie 'n dienskneg van die mens en 'n dienskneg van God wees terselfdertyd nie. Ek moet myself weghou van mense om julle dienskneg te wees, om julle lief te hê en julle te bedien. Ons sal baie tyd saam hê wanneer ons die rivier daar oorkant oorsteek, alle eeue sal ons saam wees. Nou, terwyl dit is, terwyl die Lig aan is, moet ek veg en elke minuut beweeg wat ek kan beweeg, om te help, Ek moet wegbly in gebed, gereed wees wanneer ek inkom.

¹⁴⁰ Gewoonlik is ons bestuurder saam met ons, hy doen die prediking, ek kom reguit uit my kamer uit tot op die platvorm, die dienste is baie meer effektief. Niemand hier om die plek in te neem nie, ek moet dit self inneem, om dit te verduidelik so goed as wat ek kan, en ek's 'n swak geleerde om dit te verduidelik. Maar wat ek wel weet, *weet* ek.

¹⁴¹ Iemand het gesê: “Hoe ver het jy skool toe gegaan?”

¹⁴² Net tot die sewende graad, maar ek lees 'n hele klomp graad sewe boeke. Sien? Ek—ek wat ek wel weet, *weet* ek. Ek weet dat Hy opgestaan het uit die dood, ek weet dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek mag dalk nie in staat wees om Griekse woorde af te breek, ensovoorts nie, maar ek weet hoe Hy afgekom en my gered het, en dis wat ek by julle wil tuisbring. As jy net soveel sal glo, sal jy nie Griekse woorde hoef te ken, ensovoorts nie, glo jy Hom net.

¹⁴³ Was daardie een tot eenhonderd in watter letter? K'S. K's, een tot eenhonderd. Ons kan hulle nie almal op een slag roep nie, ons sal van iewers af roep, laat ons net begin by nommer een. Wie het K nommer een? Steek jou hande sommer gou op. As jy nie kan nie . . . Nou, hou almal julle mense dop wat die gebedskaartjies het, want party van hulle is doof, party van hulle is stom, party van hulle is verlam, kan nie beweeg nie, ons sal plekaanwysers kry om hulle hiernatoe te dra wanneer hulle nommer geroep word.

¹⁴⁴ K, nommer een, is jy seker dit was reg? Wel, ons sal dan van êrens anders af begin. O, sê wat? [Broer Boze praat met Broer Branham—Red.] O, ek's jammer, goed. K, nommer een, kom oor na hierdie kant toe as jy kan. Is dit die man wat hiernatoe kom? K, nommer een. Nommer twee, wie het nommer twee, sal jy opsteek jou . . . ? Nommer twee, net hier oorkant. Nommer drie. Nommer drie, steek jou hand op, asseblief, so . . . Nommer vier, K, nommer vier, sal jy opstaan . . . ? Hierdie vrou? Nommer vyf. Sien, ons kan

nie 'n arena hê nie . . . Hierdie is nie 'n arena nie, hierdie is 'n kerk, dit word gebruik daarvoor.

¹⁴⁵ K, een, twee, drie, vier. Wie het K, nommer vyf? Nommer vyf, steek jou hand op, sal jy? Bo in die balkon? Alreeds in. K, nommer vyf. Nommer ses, nommer sewe, sewe. Goed. Nommer agt, nommer nege, nege, tien. Help my, Joseph, as jy sal. Tien, elf, twaalf, twaalf, het ek dit gemis, K nommer twaalf, nommer twaalf. Kyk na jou buurman se kaartjie, dit mag. . . Het jy dit, dame? Goed. Dertien. Kyk, dit mag nou iemand wees wat doof is, en hulle sal nie hoor dat hulle nommer geroep word nie. Dertien, veertien, vyftien, vyftien. Goed. Sestien, sestien, sewentien, agtien, negentien. Lyk asof, ek sien geen rolstoel, of enigiemand nie, lyk asof almal kan loop. Negentien, twintig.

¹⁴⁶ Kom ons stop net daar vir 'n oomblik, want dis warm, ons sal nie te veel hê wat op een slag staan nie. Nou, as ons hierby verby gaan, roteer julle net reguit verder af.

¹⁴⁷ Nou, nou gaan ek julle vra om 'n goeie diep asem in te trek en nou baie eerbiedig te sit vir 'n paar minute. Moenie beweeg nie, wees baie eerbiedig, net vir 'n paar minute.

¹⁴⁸ [Broer Boze sê: "Daar is 'n langafstand oproep vir T. C., Eerwaarde T. C. Perkins, agter op die onderste vloer. As Eerwaarde T. C. Perkins hier is, as jy sou afgaan."—Red.]

Ja, meneer. Eerwaarde T. C. Perkins word op die telefoon gesoek. Goed. Goed.

¹⁴⁹ Nou, terwyl hulle hulle oplyn, wil ek elke persoon in hierdie gebou vra om my julle onverdeelde aandag vir 'n paar oomblikke te gee. Hoeveel Christene is hier? Steek jou hand op. Ek gee nie om aan watter kerk jy behoort nie. Julle weet, ek het nooit daarvan gehou om enigiemand te brandmerk nie.

¹⁵⁰ En, julle weet, enigiemand wat my ken, weet, ek het altyd met beeste gewerk, ek het baie gery. En toe ons altyd die beeste aangejaag en hulle na die Arapaho Woud toe geneem het uit Colorado, was ons brandmerk 'n Driepoot, Mnr. Grimes was 'n Diamant T, en ons het baie brandmerke gehad. En ons het 'n grensdraad gehad. Weet enigiemand wat 'n grensdraad is? Dis om te keer dat die beeste teruggaan, uit die woud uit.

¹⁵¹ Nou, wanneer jy is. . . Die Hereford Vereniging het die vallei bewei, die Troublesome Rivier Vallei, ons was reg, aan die bloop van die rivier. Nou, wanneer jy 'n ton hooi kan kweek, kan jy 'n koei in die woud sit as jy 'n brandmerk daarop het, en jy 'n reg het van die Kamer van Koophandel deur jou brandmerk.

¹⁵² En die veldwagter het altyd soontoe gekom om die beeste te tel soos hulle deurgegaan het, elke veldwagter. Ek het opgelet, ek het daar gesit met my been oor die horing van die saal, baiekeer, hulle dopgehou, soos die beeste deur die veldwagter gegaan het wat daar staan en daardie beeste nagaan, het hy nooit soveel die

brandmerk opgelet nie, hy het gesoek na die bloedplaatjie. Elke koei wat op daardie weiveld gegaan het, moes 'n geregistreerde Hereford wees, of dit het nie ingegaan nie.

¹⁵³ Dis wat dit gaan wees by die Oordeel. Dit gaan nie wees watter brandmerk jy dra, Metodis, Baptis, of wat ook al nie, dis die Bloedplaatjie wat gaan tel. Niks sal ingaan behalwe 'n ware, wedergebore Christen nie. Maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie, daardie brandmerk het min daarmee te doen, sal nie eers herken word nie, maar dis watter Bloed jy is. Nou, daar's baie . . .

Goed, het hulle almal in die ry ingekom? Is die hele groep opgelyn?

¹⁵⁴ Nou, kyk nou net 'n oomblik hiernatoe, en asseblief almal, eerbiediglik, en sit maar. Hoeveel daarbuite wat siek is, bo in die balkonne, êrens, en nie 'n gebedskaartjie het nie, en jy wil hê God moet jou genees? Steek jou hand op. Goed. Dis goed. Ek sien dit was wysheid om 'n genesingsdiens te hê. Hoeveel daarbuite het nie gebedskaartjies nie, nou, steek julle hande op, en wil hê God moet julle genees? Ek wil net 'n algemene idee kry, daar's geen manier om dit te doen nie, dis oral. Goed.

¹⁵⁵ Nou, julle sal nie hiernatoe geroep word nie, die gebedskaartjie het niks daarmee te doen nie, dis net om die mense in 'n ry hou, die Heilige Gees in die gehoor te laat beweeg. Nou, as die Heilige Gees kom en net presies die dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy gister hier was in die vorm van Jesus Christus, hoeveel sal Hom glo?

¹⁵⁶ Hoeveel het daardie foto van die Engel van die Here gesien? Ek glo . . . Het Gene, Leo, het hulle dit hierbinne? Is dit . . . ? Hoeveel het dit gesien? Laat ons julle hande sien. Hoeveel glo Dis dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het? Glo julle Jesus het nou in 'n Vuurkolom verander? Ek wil net sien hoe goed julle geleer is. Laat ek julle wys. Toe Hy . . .

¹⁵⁷ Hoeveel weet dat Hy die Engel van die Here was, die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het? Steek jou hand op. "Ek . . . Voor Abraham was, IS EK." Toe is God gemanifesteer in die vlees. Glo julle God was in Christus om die wêreld met Homself te versoen? Goed. Hy het gesê: "Ek het van God af gekom, en Ek gaan na God toe." Is dit reg? "Ek het van God af gekom, Ek gaan na God toe." Dan as Hy van 'n Vuurkolom af gekom het, het Hy teruggekeer na die Vuurkolom.

¹⁵⁸ Jy sê: "Prediker, dis nie Skrif nie."

¹⁵⁹ Nee, dit beteken jy ken nie jou Skrifte nie. Toe Paulus op sy pad na Damaskus toe was, wat het hom neergefel? 'n Groot Lig wat selfs sy oë verblind het. Diegene wat daar gestaan het, het nie die Lig gesien nie, maar Paulus het Dit gesien, Dit was so werklik vir hom dat dit sy oë verblind het. En Hy het gesê—

Hy het gesê: “Dis . . . Saul, Saul, dis moeilik vir jou om teen die prikkels te skop.”

Hy het gesê: “Here, Wie is U?”

Wat het Hy gesê? “Ek is Jesus,” die Lig. “Ek kom van God af, Ek keer terug na God toe.” Is dit reg?

¹⁶⁰ Toe Petrus in die tronk was en die Engel van die Here ingekom het, wat was Dit? ’n Lig, die Vuurkolom.

¹⁶¹ Nou kyk, toe die Joodse tydperk afgesluit het, het Dit daarmee saam afgesluit, hierdie is die afsluiting van die Heidense tydperk, hier is daardie selfde Vuurkolom waarvan die wetenskaplike wêreld ’n foto Daarvan het. Hulle het Dit in Duitsland gekry, besig om af te kom, toe Dit gesalf het, op pad terug was. Hulle het Dit in Switserland gekry. Hulle het Dit in Amerika gekry, dit hang oorkant in die Godsdienstige Kunssaal, Washington, DC, met kopiereg as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit in die hele wêreld gefotografeer is.

¹⁶² Wat het George J. Lacy, die hoof van die FBI gesê? Hy het gesê: “Mnr. Branham, die foto sal nooit veel wees terwyl jy lewe nie, want dit sou menslike aanbidding veroorsaak, maar eendag sal hierdie verkoop word in tien-sent winkels, maar nie terwyl jy lewe nie.” Sien? Wel, dis reg, dit kan nie wees nie, die Here sal nie hierdie laat bekend word nie.

¹⁶³ Hulle het nooit vir Elía geken nie; maak myself nou nie Elía nie, kry dit reg. Hulle het Johannes nooit geken nie. Dis nie ek nie, dis Hy, maar hier is Hy vandag. Nou kyk, as Hy die Wynstok is, en daardie Lig bewys vir die wetenskaplike wêreld, dan, dat Hy dieselfde Logos is wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, en in die kerk vanaand, as ons die lede van Sy Liggaam is, en daardie Engel van die Here is hier, sal Dit dieselfde Lewe voortbring wat Dit het in Jesus, of Dit is nie dieselfde Here nie. As dit—as dit dieselfde Logos is, dieselfde Gees, dieselfde God wat in Jesus was, as dit Sy foto is, en Hy beweeg hier in ons, sal dit dieselfde vrugte voortbring, want Hy het gesê: “Ek is die Wynstok, julle is die lote.” Is dit duidelik?

¹⁶⁴ Nou, hier is waar om dit te bewys. Sover ek weet, is elke persoon hierbinne ’n vreemdeling vir my. Om enigiemand te ken, te sê ek ken wel enigiemand, om dit te sê: Ek weet hierdie man hier is ’n sendeling na iewers, maar ek . . . jy was by my huis, Arabiere, ja, ’n sendeling na die Arabiere. Buiten dit, party . . . Ek glo, as ek dit nie mis het nie, is hierdie Broer Lynn Jones van Australië, wat net hier sit, waarmee ek vanmiddag gepraat het oor ’n diens in Australië. En ek ken die man wat op die laaste sitplek sit, maar ek ken nie sy naam nie. Maar in elk geval, Broer Jones, is jy, of hierdie man, ek weet glad nie enigiets, wat met jou verkeerd is nie, weet ek?

¹⁶⁵ Hoeveel in hierdie gehoor, buite in die gehoor, en oor hierdie rye, en daarbo, weet dat ek niks van jou af weet nie? Steek jou

hand op? Dan as dit geopenbaar word, moet dit kom deur een of ander bonatuurlike krag. Nou, as Hy die Hoëpriester is, en jy's siek, as jy nie nou 'n gebedskaartjie het nie, kyk jy op na hierdie Hoëpriester, en sê: "Here, God, tree U vanaand op, ek glo ek het dieselfde geloof wat vroue gehad het wat U kleed aangeraak het. Nou, die man het dit bewys deur die Woord, maar die ding is, hoe weet ek dit? Nou, laat my U kleed aanraak, en dit sal dit vir altyd afhandel. Laat die man omdraai, en gebruik U sy stem om te spreek, net soos U Jesus se Stem gebruik het om te spreek, dan sal dit dit vir altyd met my afhandel."

¹⁶⁶ Daar's 'n uitdaging: In Jesus' Naam, laat die hele gehoor God toets en kyk of Hy werklik is. Dis 'n wonderlike manier om dit te doen, broer, glo God net.

¹⁶⁷ Moenie nou beweeg nie, sit baie stil. Besef julle waar ek staan? Alles wat ek van Hom gesê het, dis goed, maar sal dit werk? As enigiemand hiernatoe wil kom en my plek inneem, is jy welkom. Goed.

¹⁶⁸ Waarom sou ek dit sê? Omdat dit 'n opdrag is, omdat God dit belowe het. Om die wêreld was ek, Hy het my nog nooit gefaal nie, Hy sal my nie nou faal nie. Hy . . . Dis volgens Sy belofte. Sal ek in staat wees om iemand te genees? Nee, meneer. Die enigste ding wat 'n gawe sal doen, sal Jesus manifesteer. 'n Man wat 'n goeie prediker is, kan Hom manifesteer deur die Woord te preek, 'n man wat 'n goeie leraar is kan Daaroor leer, maar hierdie is om Hom te manifesteer in Sy opstanding. Dan as die Een Wat die Woord geskryf het, teenwoordig is, om Homself teenwoordig te wys, Wat die Woord geskryf het, nadat, tweeduisend jaar gelede gekruisig is, kan julle sekerlik elke Woord neem wat Hy gesê het.

¹⁶⁹ Is hierdie die pasiënt, of, die persoon? Ons is vreemdelinge vir mekaar.

¹⁷⁰ Nou, kan almal my hoor? En—en nou, die ingenieur, kry hierdie net. . . In 'n visioen weet ek nooit, ek weet nie waar ek is nie, julle sien, en dit is net, dis in 'n ander wêreld, nou, stel dit harder as dit nodig is.

¹⁷¹ Nou, hier is 'n pragtige prentjie van Johannes 4, waaroor ek so pas gepreek het. Nou, as Jesus dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid. . . Hier's 'n vrou wat ek nog nooit gesien het nie, soos die vrou by die put, ek het haar nog nooit gesien nie, sy mag 'n Christen wees, sy mag 'n skynheilige wees, sy mag 'n prostituut wees, sy mag 'n deugsame vrou wees, sy mag siek wees, sy mag vir iemand anders staan, dit mag finansiële probleme wees, God weet ek weet niks van haar af nie, ek het haar nog nooit gesien nie. En hier is ons albei, sweer nie, maar dat die mense mag weet, laat ons ons hande opsteek as ons nog nooit tevore ontmoet het nie en nie, ek jou nie ken nie, steek jou hand op. Het nooit geken nie, weet niks van haar af nie.

172 Nou, as hierdie 'n man en 'n vrou is wat ontmoet, soos dit die vrou by die put was. . . Hoeveel erken dat soveel waar is? Nou, as daar enigiets is hierdie vrou, as daar iets in hierdie vrou se lewe is wat sy begeer, of iets van haar, as sy siek is, as God sal sê wat dit is, as . . . laat haar die beoordelaar wees. Ek weet nie, maar as Hy sal, sal dit iets wys wat 'n bonatuurlike krag van een of ander aard hier is om dit te openbaar. Is dit reg?

173 Wat dink julle is dit dan? Julle kan die Fariseër se kant vat en sê: “Die—die man is van die duiwel.” Maar ek sou versigtig wees daaroor. Wanneer julle die Gees van God 'n onrein werk noem, is dit die onvergeeflike sonde. Sien? Moenie dit sê nie. As jy nie verstaan nie, sê net: “Ek verstaan nie,” en loop weg.

174 Maar julle wat glo dit is die Here Jesus Christus, julle sal Sy beloning ontvang; as julle glo dis die duiwel, sal julle sy beloning ontvang. Dit sal van julle afhang, ek is net verantwoordelik vir die Woord en die opdrag. Wees nou in gebed.

175 Sonder om ooit die vrou te sien, uit te wees. . . nou net te preek, is daar iets. . . Nou, hierdie hele Woord wat ek julle vertel het van Jesus, en van die eindtyd, en al die prediking wat ek gedoen het, gaan net nou vals of eg bevind word. Nou, moenie bang wees om God by 'n konfrontasie te bring nie, Hy's groot in die stryd.

176 Sy mag net naboots, as sy, kyk wat gebeur. Hoeveel was al in dienste en het nabootsers na die platvorm toe sien kom? Verlam geval reg op die platvorm, en moes hulle uitdra, en hulle is nog steeds verlam. Party van hulle verloor hulle verstand, raak heeltemal kranksinnig, sit hulle in die inrigting om te sterf. Sien? Hang net af van wat die Heilige Gees sê, die vloek wat Hy op hulle plaas, wat vir altyd bly. Sien? So, kyk nou net en vind uit of dit reg is of nie.

177 Nou, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer tot Sy eer.

178 Ken jou nie, dame, weet niks van jou af nie, daarom as die Here Jesus aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, of—of wat daarvan, op 'n manier, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. En as Hy dit doen, sal jy Hom glo en Hom aanvaar vir wat jou begeerte is? Jy weet ek ken jou nie, maar Hy ken wel.

179 Nou, as die gehoor my stem kan hoor, die vrou is bewus dat daar iets aangaan. Sy. . . Nou, as julle kan sien, net nou tussen my en die vrou staan daardie Lig. Die vrou beweeg weg van my af, en sy's bewus dat daar iets aangaan, 'n baie liefdevolle, nederige gevoel is om haar. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, jy weet om in my teenwoordigheid te staan sou dit nie doen nie, dis Hy; dis waarom ek van Hom kan praat, ek weet Hy's werklik.

180 Ja, die dame is hier vir haar, wil hê ek moet vir haar oë bid, want sy verloor haar sig. Dis waar. Dis reg, is dit nie?

¹⁸¹ Nou, jy mag sê die vrou dra bril, dis waarom ek haar oë gesê het.

Dis reg, maar dis wat gebeur, is haar oë. Miskien sal Hy iets anders sê.

¹⁸² Omdat dit die eerste aand is, hoeveel is hier, wat nog nooit tevore in een van die dienste was nie? Laat ons julle hande sien. Goed. Maar glo julle wat ek julle vertel het van Jesus Christus, en dit is wat Hy gedoen het, steek julle hande op. Nou, ons sal net ons tyd neem, as ons nie enige deursig nie, sal ons net ons tyd neem.

¹⁸³ Ja, dame, jou sig word blind, want dis van 'n senuweetoestand van 'n sterf van 'n senuwee in jou oog. Dit het veroorsaak dat jy 'n fladdering in jou hart ook het, meestal veroorsaak wanneer jy in die nag gaan lê, dis eintlik 'n gas op jou maag, in plaas van jou hart. Dis waar. Nou, dis reg. Behalwe dit, glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Jy het iemand op jou hart vir wie jy bid, dis 'n vrou, en sy is sterwend, sy het nou 'n donker skaduwee oor haar. Sy's nie hier nie, sy's 'n familielid van jou, sy's jou skoonsuster. Sy woon in Ohio, dis reg, SO SPREEK DIE HERE.

¹⁸⁴ Maar jy's nie van Ohio nie, jy's van 'n groot stad, wat naby 'n meer sit, dis Chicago. Glo jy? Gaan huis toe en vind dit soos jy dit geglo het, God sal dit vir jou gee, in die Naam van Sy Seun, Jesus.

¹⁸⁵ Wees baie eerbiedig, wees nou baie eerbiedig, moenie rondbeweeg nie, wees baie eerbiedig. Hoeveel glo? Dankie. Dan sal julle groter dinge as hierdie sien as julle belowe het om te glo.

¹⁸⁶ Meneer, ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek het nog nooit, sover ek weet, jou nog nooit in my lewe gesien nie, ons is vreemdelinge. Dis reg. Maar God ken ons albei. Hier's 'n prentjie: ek glo die laaste persoon hier was 'n vrou, dit was 'n prentjie waarom ek gepreek het, oor die vrou by die put, nou hier kom 'n man, soos Natanael, wat gekom het omdat Filippus hom geroep het. Twee mans ontmoet nou vir die eerste keer.

¹⁸⁷ Nou, almal, eerbiedig, asseblief. Nou, iets het net toe in die gehoor gebeur. Jy's bewus, meneer, jy's bewus dat daar iets aangaan. Ek's jou broer, jy's 'n Christen, want jou gees, kom welkom in, jy's 'n Christengelowige. En jy ly, jou probleem is in jou kop, waarvoor jy wil hê ek moet bid. Dis reg. Steek jou hand op as dit waar is.

¹⁸⁸ Nou, dit is nie raaiwerk nie, hou op om dit te dink. Nou julle onthou, julle kan nie nou jou gedagtes wegsteek nie, Hy's hier, Hy Wat julle gedagtes ken en julle gedagtes onderskei.

¹⁸⁹ Wat Hy jou ook al vertel het, is dit nie? O, ek sien wat dit is, 'n vrou bly by jou verbykom, naby jou, dis jou vrou, sy's ook hier. En toe ek dit vir jou gesê het, het dit haar geloof versterk. Glo jy

God kan vir my sê wat verkeerd is met jou vrou? As ek sal deur die genade en krag van God, sal jy haar toestand ook aanvaar as gesond? Sy het 'n swelsel, dis, o, dis 'n bursitis, en sy het sinusitis. Dis reg. Nie net 'n Christen nie, maar jy's 'n prediker, jou naam is die Eerwaarde Mnr. Carter. Gaan terug huis toe, Jesus Christus het jou gebed beantwoord en jou gesond gemaak, in die Naam van Jesus.

¹⁹⁰ Glo julle? Hê geloof in God. As Hy daardie belofte hou, hou Hy elke belofte. Nou wees baie eerbiedig, julle mense wat Hom liefhet, Dis julle Here. Julle glo dat ek julle broer is, onthou, hierdie is Sy Goddelike belofte wat Hy belowe het. Nou, Hy is nie dood nie, Hy lewe, wys dieselfde tekens in die Heidense Kerk.

¹⁹¹ Aangename kennis, dame? Nou, ek en jy is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek, die Here Jesus ken ons albei.

¹⁹² Nou, wees baie eerbiedig, buite in die gehoor bid nou. Iemand daarbuite bid nou, net, jou geloof doen groot dinge, maar hou net—net aan om God te vra: "Here, laat die man met my praat." Wees baie eerbiedig. Ek's jammer, Dis 'n Lig, en ek moet net die Lig volg soos ek Dit sien.

¹⁹³ 'n Man en 'n vrou weer, glo jy dat ek Sy dienskneg is? As ek Sy dienskneg is, dan praat ek die waarheid van my Here, en as ek die waarheid van my Here praat, is my Here verplig om vir Sy Woord te sorg, want Dit is waarheid. Hy het die belofte gegee, ons lewe in die dag.

¹⁹⁴ Jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders, en daardie iemand anders is 'n familielid van jou, 'n skoonsuster. En hulle is nie hier in hierdie stad nie, en hulle is *ver* van hier af, naby die seekus, hulle is in Kalifornië, en in 'n hospitaal, en het iets verkeerd met haar voet. Dis 'n enkel, en die enkel het 'n seer, en die dokter praat van die voet afsit. Dis waar.

¹⁹⁵ En die rede waarom jy hier is, ek sien jy staan, en ek staan naby jou, jy was, het 'n swart skaduwee oor jou gehad, jy was in een van my dienste êrens anders en het 'n kanker gehad, geskadu tot die dood, en is genees.

¹⁹⁶ En jy het 'n las op jou hart vir 'n man, en dis jou pa, en jy bid vir hom om op te hou rook, dis SO SPREEK DIE HERE.

¹⁹⁷ Glo julle die Here Jesus, vriende? Nou, moenie beweeg nie, wees eerbiedig.

¹⁹⁸ Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar, ek ken jou nie, God ken jou wel.

¹⁹⁹ Swart skaduwee bly beweeg in hierdie gebou, daar's iemand wat bid, en ek kan dit nie op hierdie tydstip vind nie. Wees net baie eerbiedig.

²⁰⁰ Die Here Jesus weet alles, weet Hy nie? Hy weet net wat is en wat nie is nie. Maar as die Here Jesus aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Dan as—as

Hy . . . Jy weet, as ek gesê het: “Jy’s siek,” my hande op jou lê, sê: “prys die Here, jy gaan gesond word.” Dit kan reg wees, jy het ’n reg om dit te glo. Maar as Hy sal teruggaan in jou lewe en iets vind waarvan jy weet ek niks weet nie, as Hy weet wat was, sekerlik, weet Hy wat sal wees, en jy sal die beoordelaar wees of wat was, die waarheid is of nie. Dan sal dit volgens jou geloof wees om te weet wat sal wees. Maar glo jy dat ek Sy dienskneg is?

²⁰¹ Jy ly aan ’n senuweetoestand, dis meer van ’n verstandelike senuweeagtigheid, ontsteld, innerlike denke, wat brûe oorsteek voor jy by hulle kom. Deur dit te doen, ly jy ook, aan ’n rektale probleem, wat aambeie veroorsaak het, ook, het spatare op jou bene. Dis waar. Dit het jou vreemd laat voel, het dit nie? Jy weet . . . glo dat ek Sy profeet is, jy het ’n seun waarvoor jy bid wat epileptiese aanvalle kry. Nou glo jy dat ek Sy profeet is? Gaan huis toe en vind dit soos jy dit geglo het, dit sal net so wees, in die Naam van die Here Jesus. Hê geloof in God.

²⁰² Sien julle dit? Daar hang die Lig oor daardie vroue daar oorkant, sy ly aan kanker. Mev. Kaye, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, het ek? Weet niks van jou af nie, maar jy het daar gesit en bid, want jy moet, of jy sal sterf. Wat het jy aangeraak? Jy het Hom aangeraak. Jy’s nie van hierdie stad nie, jy’s in ’n plek met die naam van Spartanburg. Dis reg. Steek jou hand op as daardie dinge reg is. Gaan huis toe en lewe, jou geloof maak jou gesond, in die Naam van die Here Jesus.

Hê geloof in God. Glo julle?

²⁰³ Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar, seun. Sover ek weet, is hierdie die eerste keer wat ons ooit in die lewe ontmoet het. Een van hierdie dae gaan ons ontmoet in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, ons sal moet antwoord vir alles wat ons gedoen het. En in Sy grootse Teenwoordigheid staan ons nou. Die Here God sal openbaar waarvoor jy hier is, glo jy dat Jesus Christus lewe, en ek jou die waarheid vertel?

²⁰⁴ Jy word gepla deur ’n geestelike toestand. Dis reg. Nie net dit nie, maar jy’s ’n prediker, jy’s ’n jong prediker. En jy is hiernatoe gestuur deur ’n ander prediker, en daardie prediker is ’n Baptiste prediker van Macon, Georgia. En hy ly aan ’n senuwee-ineenstorting, baie senuweeagtig. Terloops, daardie prediker het jou reis hiernatoe betaal, vir jou om hiernatoe te kom en voor my te staan en gebed vir hom te vra. Dis reg. Gaan terug, albei van julle is genees, neem die nuus na hom toe, en sê vir hom dat God Almagtig julle gesond gemaak het.

²⁰⁵ Glo jy daardie diabetes het jou verlaat, wat daar sit? Gaan dan op jou pad en juig en wees bly. Glo net.

²⁰⁶ Glo jy daardie hartprobleem het jou net toe verlaat? Gaan op jou pad en juig, en sê: “Dankie, Here.”

207 Die ou man wat daar sit met die dubbele breuk, glo jy Hy maak jou gesond, meneer? Glo jy dat God jou genees het? Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie. Maar jy het gebid, het jy nie, meneer? Jy het 'n dubbele breuk. Glo jy dat God jou genees het? Steek jou hand op. Goed, jy kan dit kry as jy dit sal glo. Amen.

208 Wat het hy aangeraak? Ek daag julle geloof uit om dit te glo! "As julle kan glo!"

209 'n Ou dame wat hier sit, middeljarige vrou, liever, wat na my kyk. Sy het 'n vergroei sel op haar neus, ek kan dit nie van hier af sien nie. Ja, meneer. Maar jy bid. Jy het 'n rukkie gelede na die gebedsry toe begin gaan en is teruggedraai, want dit was nie jou kaartjie nie. Maar as jy glo met jou hele hart, jy weet nie wat dit is nie, dis 'n velkanker, maar as jy sal glo met jou hele hart, sal God dit genees. Glo jy dit? Aanvaar dit dan, gaan huis toe en word gesond.

Hê geloof in God. "As julle kan glo!"

210 Wat van jou wat daarbuite sit? Die man wat na my sit en kyk. Jy het maagprobleme, meneer, die man met die wit hemp aan, dun hare. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie. Ek ken jou nie, ken ek? Maar jy het daar gesit en bid. Jy het 'n peptiese toestand van jou maag, wat jy sure eet in jou maag. Gaan eet vir jou 'n hamburger, Jesus Christus maak jou gesond. Amen.

211 Ek daag julle geloof uit om te glo!

212 Sit reg daaragter, tweede een van die punt af, ly aan 'n kanker. Jy het nie . . . Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie? Jy hoef nie te hê nie, Jesus Christus maak jou gesond. Gaan huis toe en glo dit. As jy dit nie sal betwyfel nie, kan jy dit kry.

213 Wat dink jy, dame? Wil jy jou aandete gaan eet? Dieselfde tyd wat daardie man genees is van maagprobleme, het jy dieselfde gehad, gaan op jou pad, juig, eet en wees bly. Prys die Here.

214 Wat dink jy, meneer, glo jy jy's genees? Loop van die platvorm af, skree, prys God.

215 Sy Teenwoordigheid is hier. Die Here Jesus, die Seun van God, is nie dood nie. Hy's hier, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Het julle Hom lief? Glo julle Hom? Hoeveel gelowiges is hier? Die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: Hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word." Lê dan julle hande oor op mekaar. As Christus Sy belofte in een rigting hou, hou Hy dit in alle rigtings. Lê julle hande op mekaar, terwyl ons bid.

216 Here God, in die Naam van die Here Jesus, beveel ek dat elke demoniese mag hierdie mense loslaat.

217 Kom uit, Satan, jy's verslaan, laat hulle gaan, in die Naam van die Here Jesus!

²¹⁸ Staan op en prys Hom, aan almal. 

58-0619^E Kan Ons Jesus Sien?
Tekstiel Saal
Greenville, Suid-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org